'n Verdere faktor wat tot besorgdheid aanleiding gee, is die verdeling van beskikbare produksiefaktore tussen die verskillende sektore en aktiwiteite van die volkshuishouding. Die grootse gedeelte van die beskikbare produksiefaktore word aangewend vir ontwikkeling van vaste eiendomme, regeringsdienste en die ontwikkeling van die infrastruktuur, terwyl die vervaardigingsnywerheid nie teen 'n bevredigende koers uitbrei nie. Die afname in die koers van toename in bruto binnelandse besteding gedurende die eerste kwartaal van 1970 is hoofsaaklik te wyte aan 'n afplating in private verbruiksbesteding, 'n afname in private vaste investering—veral in fabriekswese—en ook in vaste investering deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë, terwyl lopende owerheidsbesteding en investering deur die openbare korporasies aansienlik toegeneem het.



Op die gebied van die geld- en bankwese is die stram toestande wat gedurende 1969 ontwikkel het, in 'n sekere mate teen die einde van die jaar en die eerste paar maande van 1970 verlig deur verslapping van die kredietplafon en die likwiede batevereistes en 'n afwaartse beweging in regeringsdeposito's. Hoofsaaklik as gevolg van 'n aansienlike toename in krediet aan die private sektor, en in 'n mindere mate ook aan die regeringsektor, het die koers van toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld weer begin versnel teen die einde van 1969 en gedurende die eerste kwartaal van 1970 en het die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk gevolglik gedurende hierdie twee kwartale toegeneem. Die kredietverslappings het die banke in staat gestel om verdere krediet vir fabrieks- en landbouproduksie beskikbaar te stel. Opwaartse druk op rentekoerse op langtermyn deposito's het voortgeduur maar hierdie koerse is op 7 persent gehou op versoek van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Minder stram toestande het egter in die mark vir korttermyn fondse geheers as gevolg van die publiek se hoë likwiditeitsvoorkeur en die daling in regeringsdeposito's.

Die vernaamste kenmerke van die kapitaalmark was nogeens die afwaartse beweging in aandelepryse, die buitengewone lewendigheid van die eiendomsmark en die stram toestande in die mark vir vaste-rentedraende effekte. Laasgenoemde toestand het gelei tot opwaartse aanpassings in opbrengskoerse soos dié op maatskappy-skuldbriewe, wat gestyg het tot  $9\frac{1}{2}$  persent, en op effekte van plaaslike owerhede en openbare korporasies wat 'n peil van  $7\frac{3}{4}$  tot 8 persent bereik het. Amptelike erkenning is aan hierdie opwaartse druk op koerse verleen toe die Reserwebank die opbrengskoerse op langtermynstaatseffekte met ingang 26 Mei tot 7 persent verhoog het.

### Nasionale rekeninge<sup>1</sup>

#### Stadiger koers van toename in bruto binnelandse produk

Die groeiakoers van die bruto binnelandse produk teen heersende pryse, wat 'n baie hoë peil gedurende die tweede en derde kwartale van 1969 bereik het, het gedurende die vierde kwartaal van 1969 en die eerste kwartaal van 1970 verlangsaam.

Gedurende die eerste kwartaal van 1970 is die grootste bydraes tot die toename in die bruto binnelandse produk deur fabriekswese, landbou en algemene regering- en ander dienste gelewer, terwyl die toegevoegde waarde van handel en finansiële dienste min verandering getoon het en dié van vervoer, opberging en kommunikasie en


<sup>1</sup>Die ontleding in hierdie deel van die oorsig is hoofsaaklik gebaseer op die Reserwebank se kwartaallike ramings van die nasionale rekeninge, ná uitskakeling van die seisoensinvloed. Aangesien hierdie syfers nog nie as betroubaar genoeg vir publikasie beskou word nie, word die ontleding van die kwartaallike verwickelinge tot die beskrywing van breë tendense beperk.

mynbou effens afgeneem het. Vir die volkshuishouding as geheel was hoër salarisse en lone uitsluitlik vir die toename in die bruto binnelandse produk gedurende die laaste twee kwartale verantwoordelik, aangesien ander inkomme (hoofsaaklik winste) op die vlak wat gedurende die derde kwartaal van 1969 bereik is, gebly het.

#### Verlangsaaming in die koers van toename in die bruto binnelandse besteding


Kwartaallike ramings van die bruto binnelandse besteding toon veranderinge soortgelyk aan dié van die bruto binnelandse produk. Nadat dit 'n besondere hoë koers van toename gedurende die tweede en derde kwartale van 1969 bereik het, het die bruto binnelandse besteding teen heersende pryse gedurende die vierde kwartaal van 1969 en die eerste kwartaal van 1970 teen 'n laer koers toegeneem. Al die komponente van besteding, behalwe lopende owerheidsbesteding wat voortgegaan het om baie vinnig toe te neem, het tot die verlangsaaming in die koers van toename in die bruto binnelandse besteding bygedra.

Aangesien die bruto nasionale produk ook 'n verlangsaaming getoon het van die besondere hoë koers van toename gedurende die tweede en derde kwartale van 1969, het die bruto binnelandse besteding voortgegaan om die bruto nasionale produk gedurende die eerste kwartaal van 1970 te oorskry, met die gevolg dat 'n aansienlike tekort weer eens op die lopende rekening





van die betalingsbalans voorgekom het. Ofskoon dit die vierde opeenvolgende kwartaal was waarin die bruto binnelandse besteding die bruto nasionale produk met 'n redelike groot bedrag oorskry het, was die verskil gedurende hierdie hele periode hoofsaaklik aan toevoegings tot voorrade toe te skryf. In die mate waarin laasgenoemde toevoegings tot strategiese en ander voorrade, bo en behalwe normale stygings in voorrade wat met verhoogde binnelandse produksie verband hou, verteenwoordig, mag dit toekomstige druk op die betalingsbalans en binnelandse produksiefaktore verlig.



#### Gelyke verloop in private verbruiksbesteding

Nadat dit teen 'n relatief hoë koers van tussen 10 en 11 persent gedurende sowel 1968 as 1969 in geheel toegeneem het, het private verbruiksbesteding meer gelyk verloop teen die einde van 1969 en gedurende die eerste kwartaal van 1970. Hierdie afname in die koers van toename word nie alleen deur die kwartaalike ramings van private verbruiksbesteding getoon nie, maar ook deur die maandelikse gegewens van die waarde van kleinhandelsverkope en nuwe motors verkoop wat teen die einde van 1969 en gedurende die eerste kwartaal van 1970 òf gelyk verloop òf afgeneem het.

Ofskoon die redes vir die meer gelyke verloop van private verbruiksbesteding nie voor die hand liggend is nie, kon verskeie faktore, soos die baie hoë toenamekoerse wat gedurende 1968 en die eerste drie kwartale van 1969 aangeteken is, die daling in aandelepryse, die afname in die koers van toename in salarisse en lone, die groter likwiditeitsvoorkeur van die publiek en die moontlikheid dat 'n mate van versadiging in die geval van sekere verbruiksgoedere bereik is, egter tot hierdie afname bygedra het. Die belangrikheid van 'n korttermyn daling in die koers van toename in verbruiksbesteding moet egter nie oorbeklemtoon word nie. In hierdie verband kan opgemerk word dat geen wesentlike verandering aan die bestaande fiskale en monetêre maatreëls om verbruiksbesteding te beperk, aangebring is nie en die veranderinge wat wel aangebring is meer verslappend van aard was.

#### Aansienlike verdere styging in lopende owerheidsbesteding


In teenstelling met die neiging van private verbruiksbesteding om gelyk te verloop, het die lopende besteding van die algemene owerheid voortgegaan om teen 'n baie vinnige koers gedurende die eerste kwartaal van 1970 toe te neem, ná die buitengewoon hoë koers van 16 persent wat gedurende 1969 aangeteken is.

#### Stadiger koers van toename in vaste investering

Nadat vaste investering gedurende 1969 met 10½ persent toegeneem het, het die koers van toename gedurende die eerste kwartaal van 1970 afgeneem. Die laer koers van toename was die netto gevolg van 'n afname in vaste investering deur die private sektor, 'n gelyke verloop in kapitaalbesteding deur openbare owerhede en 'n aansienlike toename in kapitaalbesteding, hoofsaaklik aan masjinerie, installasies en toerusting, deur openbare korporasies. Vaste investering deur openbare owerhede het na die tweede kwartaal van 1969 gelyk verloop hoofsaaklik as gevolg van 'n volgehoue afname in die kapitaalbesteding deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë. Die feit dat die besteding aan masjinerie, installasies, toerusting en geboue en konstruksie deur



die private sektor nie die sterk opwaartse neiging van die voorafgaande vyf kwartale voortgesit het nie, kan toegeskryf word aan verminderde uitgawe deur mynbou en fabriekswese, min verandering in die besteding deur die landbou en aan woongeboue en 'n kleiner toename in die investering deur die handel, private vervoer en finansies.



### Verdere netto toevoeging tot voorrade


Soos gedurende die voorafgaande drie kwartale, het 'n verdere netto toevoeging tot voorrade gedurende die eerste kwartaal van 1970 plaasgevind, hoofsaaklik in die vorm van nywerheids- en groothandelsvoorrade en voorrade van openbare korporasies. Die netto toevoeging tot voorrade gedurende die eerste kwartaal van 1970, het teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers gereken nagenoeg R300 miljoen bedra en die toename in totale voorrade vir die laaste vier kwartale op meer as R450 miljoen te staan gebring. Aangesien die verhouding van totale voorrade tot die bruto binnelandse produk oor die afgelope twaalf maande effens toegenem het, kan die huidige vlak van voorrade as relatief hoog beskou word.

### Bruto binnelandse besparing

Volgens voorlopige ramings het bruto binnelandse besparing gedurende die eerste kwartaal van 1970 afgegaan, hoofsaaklik as gevolg van 'n skerp afname in persoonlike besparing wat die toename in maatskappybesparing oortref het.

### Produksie en werkverskaffing

Nadat dit in die loop van 1969 aansienlik versnel het, het fabrieksproduksie gedurende die laaste twee maande van 1969 gedaal. Nieteenstaande hierdie daling, was die gemiddelde indeks van die fisiese volume van fabrieksproduksie 10.5 persent hoër in 1969 as in 1968. Dit is veral opmerklik dat die daling in produksie gedurende die laaste twee maande van 1969 in elk van die hoofgroepe van die indeks van totale produksie weerspieël is, insluitende 'n betekenisvolle daling in die produksie van masjinerie. Volgens voorlopige aandui-





dings wil dit egter voorkom asof die indeks van totale produksie in Januarie en Februarie 1970 weer toegeneem het. Soortgelyke skommelings het in die gemiddelde ure gewerk in fabriekswese voorgekom, wat, nadat dit aansienlik in November en Desember gedaal het, skerp in Januarie en Februarie toegeneem het. Onvoltooide bestellings, aan die ander kant, het regdeur 1969 voortgegaan om toe te neem.

Totale mynproduksie het rondom 'n horisontale vlak gedurende die eerste kwartaal van 1970 geskommel, hoofsaaklik as gevolg van 'n effense daling in goudmynbrouproduksie, terwyl ander mynbouproduksie 'n aansienlike toename getoon het. Die produksie van ystererts en koper het die meeste tot hierdie toename bygedra.

Die jongste werkverskaffingsindekse toon ietwat uiteenlopende neigings vir verskillende sektore van die volkshuishouding. Werkverskaffing in fabriekswese het voortgegaan om toe te neem en dié in mynbou het gelyk verloop, terwyl werkverskaffing in konstruksie, wat gedurende die afgelope twee jare aansienlik gestyg het, vanaf November 1969 gelyk verloop het, en werkverskaffing in die Suid-Afrikaanse Spoorweë sy afwaartse beweging wat in die vierde kwartaal van 1969 'n aanvang geneem het, voortgesit het. In ooreenstemming met die styging in totale werkverskaffing het die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiëte gedurende die eerste kwartaal van 1970 verder gedaal tot 'n baie lae vlak van slegs 8,738 in Maart 1970.


Die verdere daling in werkloosheid en die styging in werkverskaffing in sekere sektore van die volkshuishouding het ongetwyfeld tot verhoogde ekonomiese aktiwiteit in die algemeen bygedra, maar het die tekort aan verskillende soorte arbeid, in besonder dié van geskoolde arbeid, nie verlig nie. Volgens beskikbare statistiek ten opsigte van gemiddelde salarisse en lone wat in Januarie en Februarie 1970 betaal is, het verdere betekenisvolle toenames plaasgevind, wat 'n weerspieëling van die stram toestande op die arbeidsmark is.

### Algemene ekonomiese aanwysers

Volgens die bewegings in sekere algemene ekonomiese aanwysers wil dit voorkom asof die aanmerklike *versneling* in algemene ekonomiese bedrywigheid wat die uitstaande kenmerk van ekonomiese verwickelinge gedurende die grootste gedeelte van 1969 was, nie in alle sektore van die ekonomie gedurende die laaste kwartaal van 1969 en die eerste kwartaal van 1970 voortgesit is nie. 'n Stadiger koers van toename is waarneembaar in die seisoensaangesuiwerde reekse vir bankdebette, inkomstedaende verkeer van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, versendings van gewalste en getrokke staalprodukte, die aantal nuwe motors verkoop, die aantal nuwe handelsvoertuie verkoop en goedere-invoer. Gedurende April het betekenisvolle toenames egter weer in laasgenoemde drie reekse plaasgevind.

Die reeks vir die waarde van kleinhandelsverkope, wat nou op 'n groter steekproef as vroeër beskikbaar gekom het, kan beskou word as 'n belangrike aanwyser van neigings in private verbruiksbesteding, wat die hoofkomponent van bruto binnelandse besteding is. Volgens die seisoensaangesuiwerde indeks (beskikbaar tot Desember 1969), het die waarde van kleinhandelsverkope gedurende die eerste sewe maande van 1969 skerp toegeneem, maar gedurende die res van 1969 gelyk verloop. Alle klasse van kleinhandelsverkope het tot die neiging om meer gelyk te verloop bygedra.

Besonder lewendige toestande het in die bou- en konstruksiesektor van die ekonomie voortgeduur, soos weerspieël in verdere toenames in ure gewerk, verkope






van boumateriaal en transaksies in vaste eiendom. In teenstelling met die lewendigheid van die mark in vaste eiendom, het die aandelemark bedruk gebly en verdere aansienlike dalings in aandeelpryse het gedurende die eerste paar maande van 1970 voorgekom.

### Pryse

Gedurende die twaalf maande geëindig April 1970 het die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks (soos aangepas om die onreëlmatige insluiting van huishuur en huisbediendelone uit te skakel) gestyg teen 'n koers van 3.9 persent, of met 3.4 persent indien die invloed van die verkoopreg uitgesluit word. Laasgenoemde styging was egter nog groter as die koers van toename van 3.2 persent in die voorafgaande twaalf maande. Hoër pryse van „behuising en verwante items” het die grootste bydrae tot die styging in verbruikerspryse gedurende die twaalf maande geëindig April 1970 gemaak, terwyl die pryse van voedsel en mediese dienste ook beduidende stygings getoon het. Dit is ook opmerklik dat die koers van toename in die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks gedurende die eerste vier maande van 1970 'n merkbare versnelling getoon het.




Groothandelspryse het minder as verbruikerspryse gestyg en gedurende die twaalf maande geëindig Maart 1970 het die seisoensaangesuiwerde indeks met 2.4 persent gestyg, vergeleke met 'n toename van 1.9 persent gedurende die voorafgaande twaalf maande.

### Betalingsbalans

#### Groot tekort op lopende rekening

Gedurende die eerste kwartaal van 1970 het die lopende rekening van die betalingsbalans 'n groot tekort van R139 miljoen getoon, wat gevolg het op tekorte van R78 miljoen, R109 miljoen en R46 miljoen gedurende die voorafgaande drie kwartale onderskeidelik. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaar koers het die tekort op die lopende rekening R535 miljoen gedurende die eerste kwartaal beloop, vergeleke met R342 miljoen gedurende





die voorafgaande kwartaal. Die verdere verswakking in die lopende rekening was die netto resultaat van 'n aansienlike afname in sowel goedere-uitvoer as netto goudproduksie en 'n betekenisvolle toename in netto betalings vir dienste, wat aansienlik groter was as die vermindering in invoer.

Nadat dit vinnig gedurende die voorafgaande drie kwartale toegeneem het en in 'n groot mate tot die tekort op die lopende rekening bygedra het, het goedere-invoer teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers vanaf die rekord peil van R2,456 miljoen in die vierde kwartaal van 1969 tot R2,320 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1970 afgeneem. Alhoewel die afname in invoer gedeeltelik aan 'n verslapping in vraag in die algemeen toegeskryf kan word, hou dit ook verband met faktore soos die verdwyning van die onsekerheid met betrekking tot die bemaking van Suid-Afrikaanse goud en dus met 'n moontlike verskerping van invoerbeheer.

Goedere-uitvoer, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het vanaf R1,529 miljoen in die vierde kwartaal van 1969 tot R1,375 miljoen in die eerste kwartaal van 1970 gedaal. Dit is hoofsaaklik veroorsaak deur 'n afname in die waarde van diamantverkope en in die uitvoer van basiese metale en tekstiele, wat baie groter as die matige toename in die uitvoer van landbouprodukte was.

Die totale netto goudproduksie, soos vir betalingsbalansdoeleindes gedefinieer, het van R225 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1969 tot R192 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1970 gedaal. Hierdie afname, wat in 'n groot mate bygedra het tot die verswakking in die lopende rekening, kan toegeskryf word aan die laer premie wat verdien is op goudverkope op die vrye mark en aan aansienlike verkope aan die Internasionale Monetêre Fonds teen die vaste prys van 35 dollar per fyn ons.

Betalings vir dienste het teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R819 miljoen in die vierde kwartaal van 1969 tot R861 miljoen in die eerste kwartaal van 1970 toegeneem, hoofsaaklik vanweë hoër betalings vir dividende en rente aan buitelanders as gevolg van die groot kapitaalinvloeiing in 1968. Aangesien ontvangste vir dienste, op dieselfde basis geneem, van R411 miljoen tot R407 miljoen oor dieselfde periode gedaal het, het netto betalings vir dienste ook tot die groot tekort op die lopende rekening bygedra.


#### Verdere invloeiing van kapitaal

'n Verdere netto kapitaalinvloeiing van R99 miljoen is gedurende die eerste kwartaal van 1970 aangeteken, vergeleke met 'n invloeiing van R44 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1969. Die sentrale regering en banksektor het buitelandse lenings tot 'n netto bedrag van R21 miljoen verkry, waarvan die sentrale regering R19 miljoen ontvang het, terwyl die private sektor se invloeiing R78 miljoen bedra het. Van hierdie netto kapi-

taalinvloeiing na die private sektor het nie minder nie as R51 miljoen langtermynkapitaal verteenwoordig, terwyl korttermynkapitaal, insluitende foute en onaangetekende transaksies, R27 miljoen beloop het.

#### Klein afname in goud- en buitelandse valuta-reserwes

Die tekort van R139 miljoen op die lopende rekening en die netto kapitaalinvloeiing van R99 miljoen het tot gevolg gehad dat die goud- en buitelandse valuta-reserwes met R40 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1970 gedaal het. Hierdie daling neem egter nie die aanvanklike toekenning van spesiale trekkingsregte van R24 miljoen in aanmerking nie, met die gevolg dat die totale goud- en buitelandse valuta-reserwes slegs met R16 miljoen gedaal het tot 'n totaal van R1,025 miljoen aan die einde van Maart 1970. Gedurende die eerste kwartaal van 1970 het die reserwes wat deur die regering gehou word (hoofsaaklik in die vorm van Suid-Afrika se super-goudtranché-posisie by die Internasionale Monetêre Fonds wat met R16 miljoen tot R89 miljoen aan die einde van Maart toegeneem het) met R15 miljoen gestyg, terwyl die goud- en buitelandse valuta-reserwes van die Reserwebank met R24 miljoen gedaal het en die valuta-reserwes van die monetêre banke met R7 miljoen afgeneem het.





### Verwikkeling gedurende April en Mei

Volgens die maandsyfers van die Departement van Doeane en Aksyns, wat nie vir betalingsbalansdoeleinde aangepas is nie, het invoere skerp vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R2,188 miljoen in Maart tot R2,554 miljoen in April gestyg. Uitvoere, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het ook van R1,451 miljoen tot R1,556 miljoen oor dieselfde periode toegeneem. Die goud- en buitelandse valutareserwes van die Reserwebank het gedurende April met R12 miljoen gedaal, maar gedurende Mei met R48 miljoen toegeneem. Laasgenoemde toename sluit die trekking van R71 miljoen van Suid-Afrika se super-goudtranche by die Internasionale Monetêre Fonds in wat uiteraard weer 'n vermindering tot dieselfde bedrag in die valutareserwes wat deur die regering gehou word, tot gevolg gehad het.

### Monetêre en banktoestand

#### Geringe styging in die koers van toename van geld en kwasi-geld

As gevolg van seisoensfaktore het die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld van R3,805 miljoen aan die einde van Desember 1969 tot R3,744 miljoen aan die einde van Maart 1970, d.w.s. met R61 miljoen, gedaal. Hierdie daling verander egter na 'n toename van nie minder nie as R118 miljoen indien seisoensbewegings uitgeskakel word. So het die seisoensaangesuiwerde jaarlikse koers van toename van 12.8 persent gedurende die eerste kwartaal van 1970 ook 'n effense versnelling getoon vergeleke met die koers van 9.3 persent gedurende die vierde kwartaal van 1969 en 'n toename van 10.3 persent gedurende 1969.

Terselfdertyd het die koers van toename in die bruto binnelandse produk gedurende die vierde kwartaal van 1969 en die eerste kwartaal van 1970 gedaal, met die gevolg dat die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk, wat vanaf 31.6 persent in die eerste kwartaal van 1969 tot 29.5 persent in die derde

kwartaal van 1969 afgeneem het, in die vierde kwartaal van 1969 weer tot 30.2 persent en in die eerste kwartaal van 1970 tot 30.5 persent gestyg het.

#### Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld

Soos die bygaande tabel toon, het alle faktore, met die opmerkbare uitsondering van bankkrediet aan die private sektor, gedurende die eerste kwartaal van 1970 tot die afname in geld en kwasi-geld bygedra. Die aansienlike toename in geld en kwasi-geld ná aansuiwering vir seisoensbewegings was hoofsaaklik die gevolg van die volgehoue groot styging in bankkrediet aan die private sektor gekoppel aan 'n klein toename in bankkrediet aan die regering en 'n daling in langtermyndeposito's van die private sektor.

Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld  
R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie		Seisoensinvloed uitgeskakel	
	4e kw. 1969	1e kw. 1970	4e kw. 1969	1e kw. 1970
Netto goud en buitelandse valutareserwes . . . . .	41	-41	23	-54
Eise teen die regering:				
Bruto eise . . . . .	54	-44	...	...
Deposito's (toename-, afname+) . . . . .	67	-63	...	...
Netto eise . . . . .	121	-107	67	10
Eise teen die private sektor	104	100	119	77
Langtermyn private deposito's (toename-, afname+) . . . . .	-31	-1	-50	28
Ander bates en laste (netto)	-50	-12	...	...
Totale verandering in geld en kwasi-geld . . . . .	184	-61	84	118


Die seisoensaangesuiwerde totaal van bankkrediet aan die regeringsektor, wat tussen Julie en November 1969 met R175 miljoen toegeneem het, het tot aan die einde van Februarie met R52 miljoen gedaal maar in Maart weer met R46 miljoen gestyg en daardeur die totale styging sedert Julie 1969 op R170 miljoen te staan bring. Die regeringsdeposito's het vanaf Julie 1969 tot Maart 1970 met R90 miljoen gedaal. Gedurende April het die regeringsdeposito's by die Reserwebank en die Nasionale Finansiële korporasie met 'n verdere R47 miljoen gedaal.

#### Skerp styging in bankkrediet aan die private sektor

Hoewel die toename in die totale eise teen die private sektor van R100 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1970 ietwat kleiner was as die toename van R104 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1969, het die krediet wat deur die handelsbanke, aksepanke en monetêre huurkoop- en algemene banke verleen is,







gedurende die eerste kwartaal van 1970 teen 'n aansienlik sneller koers toegeneem as gedurende die vierde kwartaal van 1969. In werklikheid het hul eise teen die private sektor gedurende die eerste kwartaal van 1970 met R163 miljoen toegeneem, in vergelyking met 'n toename van R101 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1969. Die diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke het R148 miljoen tot eersgenoemde styging bygedra. Hierdie versnelling van die toename in bankkrediet gedurende die eerste kwartaal van 1970 het hoofsaaklik in Januarie voorgekom, gedeeltelik as gevolg van die verhoging van die plafon op die diskonteringe en voorskotte van die banke met 'n verdere 5 persent vanaf die begin van 1970.

**Verandering in eise teen die private nie-banksektor (Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie)**

R miljoene

	1968		1969		1970	
	2e helfte	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	1e kw.
Beleggings en deposito's	67	-1	3	67	8	-24
Diskonteringe en voorskotte:						
Suid-Afrikaanse Reserwebank,						
Landbank en						
diskontohuise	60	-36	-22	79	12	-42
Ander monetêre banke:						
Handelsbanke	51	138	76	30	53	148
Aksepbanke	14	11	2	12	5	6
Ander	15	23	14	-8	26	13
Sub-totaal	80	173	92	35	84	166
Totale eise	207	136	74	181	104	100


'n Verdere verhoging van die plafon op die diskonteringe en voorskotte van die banke, wat drie persent van die totaal daarvan soos op 31 Maart 1965 bedra het en vanaf 1 Junie 1970 in werking getree het, is op 25 Mei deur die Reserwebank aangekondig. Hierdie verhoging is aangebring om die banke in staat te stel om produksiekrediet aan die nywerheid en die landbou uit te brei. In ooreenstemming hiermee is die banke versoek om toe te sien dat krediet kragtens hierdie toegewing slegs vir hierdie doel toegestaan sou word.

Dit is opvallend dat die koers van toename in bankkrediet aan die private sektor vanaf omstreeks die middel van 1968 begin versnel het, en sedertdien het die totaal aan bankkrediet aan die private sektor met net meer as R800 miljoen, of ongeveer 31 persent, toegeneem. Hierdie toename kan vergelyk word met 'n styging van R708 miljoen, of 23 persent, in die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld oor dieselfde tydperk. Die feit dat sowel geld en kwasi-geld as bankkrediet aan die private sektor oor die afgelope sewe opeenvolgende kwartale gemiddeld met meer as R100 miljoen per kwartaal gestyg het, dui daarop dat 'n tekort aan geld en krediet nouliks uitbreiding in enige sektor van die volkshuishouding kon belemmer het.



*Betreklik lae peil van oorskot-likwiditeit van monetêre banke*

Hoofsaaklik as gevolg van die seisoenstoename in regeringsdeposito's en die hoër likwiede-batevereistes, het die oorskot likwiede bates van monetêre banke gedurende Januarie 1970 met R216 miljoen gedaal en aan die einde van daardie maand 'n peil van slegs R85 miljoen bereik, die laagste peil wat sedert die inwerkingstelling van die nuwe Bankwet van 1965 aangeteken is. Hoewel die verlaging van die likwiede-batevereistes van 48 tot 45 persent van hul korttermynverpligtings teenoor die publiek tot 'n vermindering van R134 miljoen in die vereiste likwiede bates gedurende Februarie bygedra het, het die oorskot likwiede bates van monetêre banke gedurende daardie maand met slegs R41 miljoen gestyg. Gedurende die tydperk Maart en April het hul oorskot likwiede bates verder toegeneem met R15 miljoen en aan die einde van April 1970 R140 miljoen, of 2.9 persent van hul verpligtings teenoor die publiek, bedra.



Kragtens die aankondiging van die Reserwebank op 25 Mei, waarna voorheen reeds verwys is, is die likwiede-batevereiste vir alle bankinstellings ten opsigte van hul middeltermynverpligtings teenoor die publiek vanaf die datum van sertifisering van hul maandopgawes vir Mei vanaf 30 tot 28 persent verlaag.

*Geldmarktoestand en rentekoerse*

Die skommelings in regeringsdeposito's het ook die toestand in die geldmark, wat in Januarie en Februarie aanmerklik vernou het voordat dit in Maart en April ietwat verruim het, beïnvloed. So het die skatkiswissel-tenderkoers tot 4.44 persent op 23 Januarie gestyg, vir drie weke onveranderd gebly en daarna tot 4.34 persent op 26 Maart gedaal. Dit het tot die middel van Mei naby hierdie peil gebly. Die verruiming van die

toestand op die geldmark kan in 'n groot mate verbind word met 'n toename in die netto eise van die Reserwebank en die Nasionale Finansiële korporasie teen die regering, wat vanaf die einde van Februarie tot 15 Mei R167 miljoen bedra het.

Ondanks die skommelings in regeringsdeposito's en die invloed daarvan op die toestand op die geldmark en op rentekoerse, het die diskontohuise geneig om hul totale bateportefeulje op 'n betreklik stabiele peil te hou in die omgewing van R390 miljoen. Wanneer die daggeld wat by hulle gedeponeer is, gedaal het, het hulle by die Reserwebank geleen en sodoende daarin geslaag om hul beleggingsportefeuljes in stand te hou. As gevolg hiervan het die diskontohuise dwarsdeur die eerste vier maande van 1970 in betreklik aansienlike mate van die Reserwebank geleen en het die gemiddelde weeklikse bedrag van die Reserwebankvoorskotte aan hierdie instellings oor hierdie tydperk R67 miljoen bedra.

*Deposito-rentekoerse*

Die betreklik lae peile van die oorskot likwiede bates van die banke en die skerp styging in hul kredietverlening gedurende die eerste paar maande van 1970 het geneig om verdere opwaartse druk op deposito-rentekoerse te veroorsaak. Terselfdertyd is verdere opwaartse hersienings van die koerse op deposito's met 'n oorspronklike looptyd van minder as 12 maande uit die aard van die saak beperk deur die maksimum rentekoers van 7 persent op deposito's van een jaar en langer wat, ooreenkomstig die versoek van die Reserwebank in Desember 1969, gehandhaaf moes word. Hoewel die patroon van die hoogste koerse gedurende Maart en April min verdere veranderings getoon het, het 'n vernouing van die marge tussen die hoogste en laagste koerse wat aangebied is, in verskeie gevalle voorgekom. Aan die einde van April is die volgende koerse aangebied:

	31 dae	88-91 dae	6 maande	12 maande
	%	%	%	%
Handelsbanke	5-5¼	5½-5¾	6-6½	7
Akseptbanke	5¼-5½	5¾	6¼-6½	7
Huurkoopbanke	4¾-5¼	5¾-6¼	6½-6¾	7
Algemene banke	5-5½	5¼-6	6-6½	7

Teen die einde van April het banke en bouverenigings teenoor die Reserwebank onderneem dat hulle hul rentekoerse op deposito's van twaalf maande en langer tot die einde van Augustus vanjaar sou handhaaf. Die bouverenigings het onderneem om die uitreiking van ten volle opbetaalde vastetermynaandele met oorspronklike looptye van vyf jaar en langer teen die koers van 7¾ persent te staak, terwyl alle banke en bouverenigings met totale bates wat R10 miljoen nie te bowe gaan nie, met uitsondering van filiale van groter banke, toegelaat is om 7¼ persent op deposito's van twaalf maande en langer te betaal.



In ooreenstemming met die opwaartse druk op deposito-rentekoerse, het die sekondêre markkoerse op verhandelbare depositosertifikate van 30 en 90 dae voortgegaan om vanaf hul November-peil te styg, hoewel 'n neiging tot 'n meer gelyke verloop vanaf Februarie opgemerk kon word. Die koop-rendementskoerse van die diskontohuise op verhandelbare depositosertifikate van 30 dae het in die middel van Maart 'n hoogtepunt van 6.1 persent bereik, terwyl dié op verhandelbare depositosertifikate van 90 dae vanaf Februarie tot April rondom 'n peil van ongeveer 6.6 persent tot 6.7 persent geskommel het en op 5 Mei 1970 'n rekord van 6.9 persent bereik het.

### Staatsfinansies

Die oorskot van totale uitreikings bo ontvangstes (uitgesonderd lenings) van die Skatkis het gedurende die boekjaar geëindig 31 Maart 1970 R347 miljoen bedra, vergeleke met 'n tekort van R353 miljoen gedurende die vorige jaar, nieteenstaande die feit dat totale uitreikings van die Skatkis met nie minder nie as 24 persent gestyg het. Die kleiner tekort het hoofsaaklik voorgekom as gevolg van 'n toename van 21 persent in skatkisontvangstes en die insluiting van die Suidwes-Afrika-rekening, wat 'n netto ontvangste van ongeveer R33 miljoen bygedra het in die vorm van reserwefondse wat na die Skatkis oorgeplaas is. Skatkisontvangstes het die voordeel getrek van 'n toename van R75 miljoen in inkomstebelastingontvangstes en R51 miljoen in doeane- en aksynsregte vergeleke met die vorige jaar. Die verkoop het R95 miljoen tot die Skatkis bygedra en was slegs R3 miljoen minder as die bedrag wat in die begroting aangetoon is.

Hoewel die Skatkis aansienlike probleme ondervind het om van die private nie-banksektor te leen, vergeleke met die vorige jaar, is nietemin gedurende 1969/70 daarin geslaag om die netto skuldposisie teenoor die banksektor met R54 miljoen te verminder. Hierdie verlaging was nogtans aansienlik laer as die daling van R201 miljoen in 1968/69. Die Staatskuldkommissarisse het nie minder nie as R290 miljoen tot die Skatkis bygedra en netto buitelandse lenings het R51 miljoen gedurende 1969/70 beloop, vergeleke met onderskeidelik R232 miljoen en R20 miljoen gedurende die vorige jaar. Die Skatkis het slegs R60 miljoen van die private nie-banksektor in 1969/70 verkry teenoor R301 miljoen gedurende die vorige jaar.

'n Verdere kompliserende faktor vir die finansiering van die Skatkistekort in 1970/71, is die feit dat die Staatskuldkommissarisse geen saldo vanaf 1969/70 oorgedra het soos die geval in vorige jare was nie, maar alle beskikbare fondse op 31 Maart 1970 belê het. Beleggings deur die Staatskuldkommissarisse by die Skatkis gedurende 1969/70 was in twee maande gekonsentreer, naamlik in April 1969 en Maart 1970. Weens die gebrek aan 'n oordrag vanaf 1969/70, kan beleggings deur

### Skatkisfinansies R miljoene

	April 1968 tot Maart 1969	April 1969 tot Maart 1970
Totale netto ontvangstes . . . . .	1,683	2,142
Totale netto uitreikings . . . . .	2,036	2,488
Totale tekort (uitgesonderd lenings) . . . . .	353	347
Finansiering:		
Verandering in netto skuldposisie teenoor:		
Buitelandse sektor . . . . .	20	51
Private nie-banksektor . . . . .	301	60
Staatskuldkommissarisse . . . . .	232	290
Sub-totaal . . . . .	553	401
Monetêre banksektor:		
Verandering in besit aan staatspapier . . . . .	121	-65
Verandering in skatkissaldo <sup>1</sup> . . . . .	-322	10
Sub-totaal . . . . .	-201	-54
Totale finansiering . . . . .	353	347

<sup>1</sup>Na aansuiwering vir die belegging in die buiteland van die opbrengs van buitelandse lenings en vir oordragte na die Stabilisasierekening en na die I.M.F.-depositorekening ten opsigte van super-goudtranché-trekkings. Toename-, afname+.

die Staatskuldkommissarisse gedurende 1970/71 hoofsaaklik in Maart 1971 gekonsentreer word, sodat die Skatkis in 'n groter mate van die private nie-banksektor afhanklik kan wees vir die finansiering van sy tekort gedurende die huidige boekjaar.

Gedurende 1969/70 het alle komponente van skatkislenings van die private nie-banksektor afgeneem. Vanweë die konsolidasie van leningsheffings en inkomstebelasting op maatskappye en die verlaging van die koers betaalbaar deur individue, het ontvangstes van leningsheffings slegs R23 miljoen bedra, vergeleke met R87 miljoen in 1968/69. Belastingvrye Tesourie-obligasies het 'n netto bedrag van R1 miljoen bygedra vergeleke met R60 miljoen die vorige jaar en uitgiftes van staats-effekte het slegs R44 miljoen opgelewer, vergeleke met R152 miljoen gedurende 1968/69.

Gedurende Oktober 1969 is R81 miljoen of 77 persent van die totale bedrag aan effekte wat aflosbaar was, nie omgesit nie maar in kontant terugbetaal terwyl nuwe uitgiftes wat gedurende Februarie aangebied is, slegs R7 miljoen vanaf die private nie-banksektor opgelewer het. Gedurende April 1970 is feitlik die totale effektebedrag wat afgelos moes word, omgesit, terwyl 'n bedrag van ongeveer R14 miljoen, wat 32 persent verteenwoordig van die effekte wat in Mei 1970 gedelg moes word, in kontant terugbetaal is, 'n Bedrag van nie minder nie as R324 miljoen moet nog gedurende die boekjaar 1970/71 omgesit word.



## Kapitaalmark

### Aandelemark

Ná die skerp daling in die pryse van alle klasse aandele vanaf Mei tot Desember 1969, het die pryse van goudmynaandele en van mynfinansieringsaandele gedurende die eerste kwartaal van 1970 matig toegeneem. Die pryse van nywerheids- en handelsaandele en van nywerheidsfinansieringsaandele het egter gedurende Januarie en Februarie nog aansienlik gedaal, maar gedurende Maart geneig om te stabiliseer. Dit wil voorkom asof die meeste klasse van aandele gedurende April stygings getoon het, maar gedurende Mei het daar weer 'n afwaartse beweging ontstaan.

'n Vergelyking tussen die beweging van winste en aandelepryse van nywerheidsmaatskappye bring aan die lig dat die indekse van hierdie twee veranderlikes teen die einde van 1967 uiteen begin loop het toe die Sterlingdevaluasie die ongeëwenaarde oplewing op die Johannesburgse Effektebeurs aan die gang gesit het, maar gedurende die eerste kwartaal van 1970 weer feitlik bymekaar gekom het. Onder normale omstandighede kan verwag word dat aandelepryse weer in ooreenstemming met veranderings in winste sal beweeg.

Die aantal aandele verhandel op die Johannesburgse Effektebeurs, wat vanaf Mei tot Desember 1969 skerp afgeneem het, het gedurende die eerste vier maande van 1970 op 'n relatief lae vlak gebly, naamlik op die gemiddelde van die vlak wat gedurende die laaste kwartaal van 1969 bereik is.

Die gemiddelde opbrengskoers op goudmynaandele het vanaf 8.5 persent in Desember 1969 na 9.4 persent in Januarie 1970 toegeneem en het daarna tot 8.7 persent in April 1970 gedaal. Die gemiddelde opbrengs-

koers op nywerheids en handelsaandele het egter vanaf 4.1 persent in Desember tot 4.5 persent in Februarie gestyg en volgens voorlopige aanduidings feitlik onveranderd in Maart en April gebly, en weer in Mei gestyg.

Soos verwag kon word, vanweë die relatief ongunstige toestande vir die opneem van kapitaal op die effektebeurs, het nuwe aandele-uitgiftes gedurende die eerste kwartaal van 1970 tot 'n baie lae maandelikse gemiddelde van minder as R3 miljoen gedaal vergeleke met 'n maandelikse gemiddelde van R34 miljoen gedurende 1969. Dit is egter opmerklik dat maatskappye gedurende 1968 en 1969 daarin geslaag het om meer as R700 miljoen deur middel van nuwe uitgiftes van aandele op te neem sodat die traagheid van vaste investering in die fabriekswese gedurende daardie tydperk beswaarlik aan toestande op die effektebeurs toegeskryf kan word.

### Effektetrusts

Effektetrusts het gedurende die eerste kwartaal van 1970 weer eens 'n uitvloeiing van fondse ondervind en netto terugkope van onderaandele het R47 miljoen bedra, vergeleke met R18 miljoen gedurende die laaste kwartaal van 1969. Van eersgenoemde bedrag verteenwoordig R29 miljoen netto terugkope gedurende Februarie. Die geringe verbetering in die toestand op die effektebeurs gedurende Maart en verdere toegewings aan effektetrusts deur die Minister van Finansies op 18 Maart het bygedra om die bruto terugkope van onderaandele vanaf R33 miljoen in Februarie tot R16 miljoen in Maart te verminder. Terselfdertyd het die verkope van onderaandele gedurende Maart tot R10 miljoen toegeneem, die hoogste vlak wat sedert September verlede jaar bereik is, met die gevolg dat netto terugkope gedurende eersgenoemde maand slegs R7 miljoen bedra het.

Ingevolge die toegewings wat deur die Minister aangekondig is, kan die statutêre minimum belegging deur die effektetrusts in staatseffekte, nl.  $7\frac{1}{2}$  persent van die markwaarde van hul portefeuljes, waar nodig, in gepaste gevalle opgeskort word. Dit volg op 'n ooreenkoms wat in November 1969 bereik is en waarvolgens die regering bereid sou wees om die oorskot aan staatseffekte gehou bo die statutêre minimum te koop indien die kontant van 'n effektetrust aangevul moet word met die doel om onderaandele terug te koop. Hierbenewens is daar ook in Maart aangekondig dat die bestuursmaatskappy van 'n effektetrust indien nodig verplig sou word om sy belegging in die onderaandele van die effektetrust progressief te vermeerder tot 'n bedrag gelykstaande aan 'n minimum van 10 persent van die markwaarde van die trust se portefeulje.

Die trusts se kontant en deposito's het gedurende die eerste kwartaal met R39 miljoen afgeneem tot 'n peil van R41 miljoen aan die einde van Maart. Ten einde hul besit aan kontant aan te vul, het die effektetrusts staatseffekte en ander goedgekeurde effekte tot 'n netto bedrag van R8 miljoen verkoop. Die oorskot besit aan goedgekeurde





effekte bokant die statutêre minimum het desnieteenstaande aan die einde van Maart nog R58 miljoen bedra, waarvan R35 miljoen uit 'n oorskot besit aan staatseffekte bestaan het. Tesame met die minimum statutêre besit aan staatseffekte van R37 miljoen, het die effektrusts se totale besit aan sodanige effekte R72 miljoen bedra wat, ingevolge van die Minister se toeweging, te gelde gemaak kan word vir die doel om onderaandele terug te koop.

Die uitvloeiing van fondse en die verdere daling in aandelepryse gedurende die eerste kwartaal van 1970 het die markwaarde van die trusts se netto bates verminder vanaf R691 miljoen aan die einde van 1969 tot R532 miljoen aan die einde van Maart 1970 en die indeks van verkoopspryse van onderaandele (Junie 1965 = 100) het vanaf 216 in Desember 1969 tot 178 in Maart 1970 gedaal. Die gemiddelde opbrengskoers op onderaandele het gedurende die ooreenstemmende tydperk vanaf 2.0 tot 2.6 persent gestyg.

#### Die mark vir vaste-rentedraende effekte

Opbrengskoerse op nuwe uitgiftes van langtermyn-semi-prima-effekte wat gedurende Maart 1970 uitgereik is, is vasgestel op 7.5 persent, vergeleke met die vorige peil van ongeveer 7.3 persent. Nieteenstaande hierdie verhoging het twee openbare uitgiftes ten bedrae van R19.5 miljoen gedurende Maart aansoeke van slegs R15.7 miljoen van die publiek ontvang, wat die onderskrywers met 'n bedrag van R3.8 miljoen gelaat het. Volgehoue opwaartse druk op langtermyn-rentekoerse was dus steeds teenwoordig en is weerspieël in die voorwaardes van nuwe lenings wat gedurende Mei en Junie uitgeskryf is en waarop effektiewe opbrengskoerse tot aflissing van 7.7 en 8.0 persent onderskeidelik aangebied is.

Amptelike erkenning is aan die opwaartse druk op langtermynopbrengskoerse verleen toe die Reserwebank, na die gebruikelike oorlegpleging met die Tesourie, die koers wat gekwoteer word vir transaksies in staatseffekte met 'n looptyd van 15 jaar of langer met ingang 26 Mei vanaf  $6\frac{1}{2}$  tot 7 persent verhoog het. Die koers op effekte met 'n looptyd van 3 jaar is onveranderd op  $5\frac{1}{2}$  persent gehou en die nodige aanpassings aan koerse op effekte met looptye tussen 3 en 15 jaar is aangebring. Die verhoging in die opbrengskoers van langtermynstaatseffekte het tot 'n vernouing in die rendementsgaping tussen semi-prima- en prima-effekte vanaf 1.2 persent, wat vroeër in Mei gegeld het, tot 0.7 persent, gelei. Gedurende die tydperk 1960 tot 1969 was die betrokke rendementsgaping gemiddeld 0.6 persent. Vergeleke met die opbrengskoers op nywerheids- en handelsaandele, het die verhoging in die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte 'n verhoging in die omgekeerde rendementsgaping tot gevolg gehad.

Opbrengskoerse op nuwe skuldbriewe van maatskappy het ook geneig om gedurende die eerste kwartaal van 1970 verder te styg en 'n opbrengskoers van



<sup>1</sup>Die drie rendementsgapings wat op die grafiek aangetoon word, verteenwoordig die verskille tussen die rendement op langtermynstaatseffekte en die rendement op maatskappy skuldbriewe, semi-prima effekte en nywerheids- en handelsaandele onderskeidelik. Laasgenoemde is negatief en word derhalwe na verwys as die omgekeerde rendementsgaping.

soveel as 9.5 persent is gedurende Maart aangebied. Dit het die rendementsgaping tussen maatskappyobligasies en staatseffekte op 3 persent te staan gebring, maar die daaropvolgende verhoging in die opbrengskoers op staatseffekte in Mei het hierdie marge na  $2\frac{1}{2}$  persent verminder.

#### Bouverenigings

Die toevloeiing van fondse na bouverenigings het gedurende die eerste kwartaal van 1970 R117 miljoen bedra en het die relatief hoë syfer van R107 miljoen wat gedurende die vierde kwartaal van 1969 aangeteken is, oorskry. Toenames van R61 miljoen in deposito's en R56 miljoen in aandelekapitaal was vir die toevloeiing verantwoordelik. Netto uitgiftes van belastingvrye aandele gedurende die tydperk het R21 miljoen bedra, terwyl die netto uitgifte van opbetaalde vaste-termynaandele, wat ná die verhoging van die rentekoers daarop tot  $7\frac{3}{4}$  persent gedurende Augustus 1969 'n gewilde beleggingsveld geblyk te wees het, 'n soortgelyke bedrag bedra het. Die totale bedrag belê in vaste-termynaandele het in werklikheid van 'n skamele R0.3 miljoen aan die einde van Julie 1969 tot R73 miljoen aan die einde van Maart 1970 toegeneem. In ooreenstemming met die ooreenkoms tussen die Reserwebank en die bankinstellings om 'n maksimum koers van 7 persent op deposito's van twaalf maande en langer te handhaaf, het die bou-



verenigings egter besluit om die uitreiking van hierdie aandele tydelik te staak met ingang 13 Mei.

Verband- en ander lenings uitstaande het met R76 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1970 toegeneem, vergeleke met R71 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1969. Die gemiddelde maandelikse bedrag van nuwe voorskotte toegestaan gedurende die eerste kwartaal was egter ongeveer R6 miljoen minder as die gemiddelde van R66 miljoen gedurende die laaste kwartaal van 1969.

Nieteenstaande die aansienlike bedrag aan nuwe lenings toegestaan deur die bouverenigings gedurende die eerste kwartaal, was die toename in hul middele voldoende om ook 'n verdere toename van R20 miljoen in hul besit aan likwiede bates en ander voorgeskrewe beleggings moontlik te maak. Hul oorskotbesit aan voorgeskrewe beleggings bo die wetlike minimum het aan die einde van Maart 1970 R172 miljoen bedra. Ondanks hul relatief likwiede posisie, het die bouverenigings teen die einde van Maart 1970 nog nie in 'n merkbare mate in eiendomsontwikkelingsmaatskappye, soos gemagtig deur 'n wysiging van die Bouverenigingswet gedurende 1969, belê nie.

## Opmerking oor Tabelle

Die aandag word weer eens gevestig op die feit dat sommige van die syfers wat in die Kwartaalblad verskyn, een keer per jaar in die Junie-uitgawe hersien word. Alle reekse waarvan die seisoensinvloed uitgeskakel is, is hersien, nie alleen om veranderde seisoenspatrone in ag te neem nie maar ook as gevolg van hersiening van die basiese gegewens. Nasionale rekeninge- en betalingsbalanssyfers ten opsigte van 1969 is nie soosgebruiklik in hierdie uitgawe hersien nie maar sal in 'n later uitgawe hersien word.